# DIE PREDIKANT EN SY PREDIKING EN DIE GEREFORMEERDE GETUIENIS IN DIE VERLEDE EN HEDE

## Inleiding:

Prediking is die van God gegewe roeping aan die kerk. Dit geld vir alle eeue. Vandag is die prediking en die teologiese wetenskap wat hom besig hou met die preekkunde weer eens in die branding van belangstelling. As Gereformeerdes moet ons voortdurend polshoogte hou van waar ons staan en as dit nodig is bereid wees om te reformeer. In hierdie tyd wat alle ou waardes en waarhede omver wil werp is die woorde van Dijk veelseggend: „De strijd voor de waarheid staat nimmer los van de prediking; waar de eerste inzinkt verslapt de tweede, maar ook waar de preek devalueert worden de wapenen in de geestelijke krijg opgeborgen; hier is een wederkerigheid, die zich door alle eeuwen doet gelden".[1]

Die onderwerp aan my opgedra is veelomvattend, té omvattend vir 'n enkele voordrag. Dit spreek van die prediking en die gereformeerde getuienis in die verlede en die hede. Dit verg dat die prediking en die getuienis in verband daarmee op sy historiese spoor gevolg moet word om in die lig van die verlede enkele perspektiewe te open t.o.v. die hede en toekoms. Vanselfsprekend sal net enkele bergtoppe wat bo die historiese vlak verrys aangedui word.

## Jesus en die apostels:

Tydens sy omwandeling op aarde het Jesus veel gepreek. As ons Hoogste Profeet het Hy gepreek soos iemand wat met mag en gesag beklee is. Aan sy Woord het hy lewe of dood verbind. In sy wonders wat sy prediking bevestig het, het Hy dan ook die ore van dowes geopen. Hulle moes luister en hoor wat Hy sê. Eskatologies het dit die eeue omspan. Daar sal na sy Woord deur die lange eeue heen geluister moet word.

As Hy weggaan is dié grootste taak opgedra aan sy apostels en in hulle aan die kerk van alle eeue. Hy oorsien die tye. Hy, die grote Koning is verantwoordelik vir die bewaring en vermeerdering van sy kerk.[2] Daartoe moet sy Evangelie sy loop hê. Aan eenvoudige vissermense gee Hy die opdrag: „Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Mark. 16 : 15). 'n Hemelse roeping wag op vervulling.

Het Jesus tydens sy omwandeling dan nie ook stommes se tonge losgemaak sodat hulle kon spreek nie! In die loop van die eeue sal sy Evangeliewoord gedra word deur die gesproke woord.

Die openbare optrede van die apostels na Pinkster begin met Woordverkondiging; die rede van Petrus (Hand. 2 : 14 e.v.). En as die vyand die woordverkondiging teëstaan worstel hulle in die gebed: „En nou Here ... gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid U Woord te spreek" (Hand. 4 : 29). Die gemeentes se

voorbidding word gevra vir die voortgang van die Woordbediening: „Verder broeders bid vir ons dat die Woord van die Here sy snelle loop mag hê en verheerlik word net soos by julle" (1 Thess. 3 : 1).

Die apostels beklemtoon nie net dat gepreek moet word nie maar ook wat en hoe gepreek moet word. Die prediking moet „bediening van die Woord" wees (Hand. 6 : 4). Dit moet geskied in gees en waarheid. Paulus skerp dit sy mededienskneg Timotheus in: „As jy hierdie dinge aan die broeders voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Jesus Christus wees terwyl jy jouself voed met die woorde van die geloof en van die goeie leer waarvan jy 'n navolger geword het" (1 Tim. 4 : 6) en weer: „let op jouself en op die leer volhard daarin" (1 Tim. 4 : 16). Die prediking is dus draer van die Woord van die waarheid, van Jesus Christus die vleesgeworde Woord, die Weg en die Waarheid en die Lewe. Daarmee moet die „gemeente van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid" (1 Tim. 3 : 15) gevoed word. Dieselfde skerp die apostel Paulus vir Titus in. U die prediker moet iemand wees „wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê" (Titus 1 : 9).

## Die vroeg Christelike kerk:

Dit is verstaanbaar dat die dwaalgeeste in die geskiedenis van die Christelike kerk toegespits het op die vervalsing van die gepredikte Woord. Dit het as gevolg 'n op en neergang, hoogtepunte en laagtepunte, deformasie en reformasie t.o.v. die prediking.

Die vroeg Christelike kerk is veral bedreig deur die Gnostisisme, 'n vermenging van Christelike en heidens filosofiese gedagtes. Hiernaas het ook die hooggeroemde Retorika van die Hellenistiese beskawing 'n deformatoriese werking gehad op inhoud en vorm van die prediking.

Hierteen het veral Origenes en Augustinus wal gegooi. Ons weet dat Origenes, volgens Berkhof een van die grootste genieë van die ou-Christelike kerk,[3] die vader is van die allegoriese verklaring. Hiermee moet sy invloed nie as bloot negatief aangemerk en afgeskryf word nie. Hy het 'n blywende betekenis verkry in die preekkunde en wel daarin dat prediking grondliggend verklaring van die Woord moet wees.

Hierop het Chrysostomus voortgebou. In sy werk peri ierosunes beklemtoon hy eweneens dat die prediking verklaring van die Woord moet wees en dat dit tot opbou van die gemeente moet geskied, hoewel hy nog aan die Retorika 'n eensydig belangrike plek gee.

Dit is egter Augustinus wat bo sy tyd sou uittroon. In sy werk De doctrina christiana het hy 'n eerste Homiletiek aan die kerk gegee. Hierin beklemtoon hy die eie karakter van die prediking as verkondiging van die Woord van God. Dit moet verklaring van die Skrif wees. En die doel van die prediking is om te onderwys, om tot liefde en tot diens op te werk. Treffend is die trinitariese karakter van sy prediking. En al is daar nog veel aan te merk teen die predi-

king van Augustinus soos bv. dat daar by hom nog 'n nawerking is van Origenes se allegorisme het hy tog die suiwere weg aangetoon. Die hoorder moet in die prediking konfronteer word met die Woord van die waarheid.

So het by Augustinus 'n oplewing van die Skrifgebonde prediking hand aan hand gegaan met 'n worsteling om die handhawing van die belydenis insake die triniteit en, teenoor Pelagius, van die vrye genade in Jesus Christus.

Vanaf ongeveer die sewende eeu het, vanweë die massa-bekeringe in Wes-Europa, die oppervlakkige skoling van predikers, die toenemende aksent op die seremoniële en sakramentele, die prediking by Rome gedevalueer. Dit het as gevolg 'n totale deformasie in die preekkunde wat inhoud en vorm aanbetref. Die Roomse dogmatieskonfessionele deformasie het die prediking uitgehol tot niksseggende menseverlossing. „De verdienstelijkheid der goede werken", aldus Dijk „en alles wat daarmee samenhangt in de werking der sacramenten ex opere operato, drong de vrijmacht, de souvereiniteit van Gods verkiezende genade opzij, en de prediking werd tot moraalprediking; zij ontaarde in een nomistische toespraak; om deze aantrekkelijk te maken werden allerlei voorbeelden van heiligen erbij gesleept en om zulk een toespraak ingang te doen vinden begon men te werken met het eschatologisch element, waarin de plastische schildering van het vagevuur en de hel en de dreunende waarschuwing voor het gericht Gods de arme zielen moesten opjagen om toch het pad der goede werken tot den einde toe te lopen".[4]

## Die Reformasie:

Alhoewel daar in die loop van, en in die laat middeleeue, reaksie gekom het, veral uit die kring van die skolastiek, was dit eers die Reformasie van die 16e en 17e eeu wat diep en breed ingegryp het in die kerklike lewe en wat met sy sola scriptura die preekkunde weer in Skriftuurlike bane gelei het. Dit kan nie anders nie. Die terugkeer na die Woord, na die regverdigmaking uit die geloof alleen en na die vrye genade in Jesus Christus moes noodwendig sy stempel druk op die prediking.

En laat ons die betekenis van Luther in hierdie verband nie onderskat nie. Al het hy die bediening van die Woord deur besondere ampte afgewys, het hy steeds volgehou dat die prediking Woordverkondiging moet wees so „dasz unser Herr selbst mit uns rede durch Sein heilig Wort",[5] aldus sy eie uitspraak by die ingebruikneming van die slotkerk te Torgau.

Dit sou egter eers die begenadigde Calvyn beskore wees om die prediking nog sterker in skriftuurlike bane te lei. In sy Institusie[6] gee hy 'n volledige uiteensetting van die eise vir die prediking en prediker. Calvyn beklemtoon die waarheid, aldus Biesterveld, „dat de Heere wil dat de geloovigen tot geestelijken wasdom zullen komen door de opvoeding en opbouwing der gemeente, die geschiedt door de verkondiging der helmelsche leer den pastores bevolen".[7]

Calvyn het nie geringe eise aan die bedienaar van die Woord

gestel nie.[8] Hy moet die Skrif ken om dit te kan verkondig, en hy moet in alles die opbou van die gemeente en die leer van God soek. In sy Ordonnances Ecclesiastiques van 1541 beklemtoon hy dat die eksamen van die kandidate in die teologie eerstens moet gaan oor hulle leer.[9] Hy wou dwaalleer op die kansel vermy.

In sy visitasiereglement van 1546 is die visitatore opgelê „om te onderzoeken of de dienaren ook eenige nieuwe leer predikten met de zuiverheid van het Evangelie in strijd".[10] Die Reformasie, en in besonder Calvyn, herbeklemtoon die sentrale beginsel, reeds deur Augustinus vasgelê, dat die prediking niks anders as die boodskap van Gods Woord moet bring nie en dat dit by wyse van toepassing ingedra moet word in die lewe van die kerk.

Uit die Reformasie het die behoefte gegroei om die prediking vir die toekoms op 'n hegter grondslag te plaas. Die onmiddellike vrug hiervan was die noue verband wat gelê is tussen die Woordbediening en die konfessie van die kerk. Die kerk het sy belydenistaak besef. Dit is nie maar 'n onverskillige saak van wat op die kansel verkondig word nie. Die kerk moet draer wees van die waarheid en dit moet geskied in eenstemmigheid anders kom daar twyfel, en twyfel laat vals akkoorde in die stem na buite hoor. Vandaar dat die kerke van die Reformasie by Dordt in die eerste plek gebondenheid aan die Woord geëis het en, hieraan onderworpe, aan die konfessie, die dogma van die kerk.

Hiermee is gepoog om deur die prediking, gereformeerd skriftuurlike getuienis in kerk en wêreld in te dra. Maar hiermee is ook beklemtoon dat prediking arbeid van die kerk is. Die prediking moet „het merk dragen van dié kerk tot wier diakonia ze behoort".[11] Dit eis konfessionele gebondenheid t.o.v. die prediking. Die prediking mag nie verwarring stig na binne of na buite nie. Hierdie gebondenheid „is geen tyrannieke gebondenheid, die tekort zou doen aan de vrijheid des Geestes. Dit is juist staan in de vrijheid, waarmede Christus ons heefs vrijgemaakt, want deze vrijheid is de hoogste gebondenheid aan het Woord, en aan de confessie, die naar dit Woord is, en wie deze confessie liefheeft, gevoelt zich vrij en gaat met vreugde deze weg . . . Prediking en confessie kennen een eenheid „die uit de gemeenschap met de Schriften opkomt".[12]

## Deformasie van die 18e en 19e eeu:

Maar helaas, dit was nie die einde van die stryd rondom die gepredikte Woord nie. Aan daardie stryd sal ook geen einde kom nie. Woordbediening is bediening van die brood van die lewe. En die leuendienaar wil die kinders sonder brood laat sterwe.

Na die reformatoriese hoogty het deformasie die skriftuurlikgereformeerde prediking weer sy krag laat inboet. Opsommenderwys noem ons dit net. Die koue Rasionalisme van die 18e eeu, het met 'n skolastiese rasionele inslag die prediking laat verkil en die waarde daarvan, vir die opbou van 'n vrome geloofslewe, afgestomp. Met 'n humanisties mensverankerde verstandelikheid het die prediking ontaard in oordrewe analities dogmatiese verhandelinge.

Die reaksie hierop het nie uitgebly nie. In plaas van om terug te keer tot die Woord het die pendulum van die rasionele oorgeslaan na die mistieke, na geesdrywery, na die Piëtisme van Spener en die Metodisme van Wesley wat in wese 'n eenheid gevorm het in 'n valse mistisisme.

Die bodem was omgeploeg en toe die saad van die Rewolusie aan die begin van die 19e eeu met sy valse vryheidskreet gesaai is het dit 'n vrugbare bodem gevind en veel distels en dorings voortgebring op die kansels van die 19e eeu. Die liberale teologie van die 19e eeu het in die prediking beslag gekry in verwerping van die Skrifgesag, in die herlewing van 'n algemene versoeningsleer en in die Schleiermacheriaanse subjektiewe ervaringsprediking.

Hoe moet die kerk wat terugkyk op die pad van die verlede hom nie diep voor God verootmoedig nie!

En dit bring ons aan huis.

Ons vaders en moeders, bykans ongeletterde manne en vroue, maar met 'n luisterende oor op die Woord van God het die deformasie in die bediening van die Woord van die vorige eeu onderken. J. J. Venter van Bloemfontein protesteer omdat die Evangelie nie ooreenkomstig die bevel van Christus verkondig word nie. Die prediking het volgens die beswaardes mank gegaan aan veral 'n skriftuurlike sonde- en genadeleer.

Die prediking soos gebring in die Gereformeerde Kerk, na sy stigting in 1859, het weer gespreek tot die harte van gelowiges wat gesmag het na uitverkiesings- en verbondsprediking. Dit was vir hulle prediking op Dordts gereformeerde wyse.

## Die hede:

En nou, wat van die hede? Ek wil net met enkele pennestrepe die gevare van die hede onderstreep op gevaar af dat ek op die terrein mag kom van die ander referente wat vanuit die hede vir ons toekomsperspektiewe moet open.

Soos wat elke eeu besondere aksente t.o.v. vervalsing van die prediking vertoon het, so het ook die gevare van hierdie eeu 'n eie verskyningsvorm en beklemtoning. En dit is beklemmend. Sommige beweer selfs dat die kerk met sy prediking voor die grootste uitdaging in die geskiedenis te staan gekom het.[13] Deformatories is magte aan die werk om die boodskap van genade alleen in Jesus Christus aan 'n verarmde en verwarde wêreld te vervals.

Ons noem enkele sodanige vervalsinge.

Eerstens het Barth met sy dialektiese teologie en siening op die prediking die amptelike bediening van het Woord alle krag ontneem. Die Heilige Skrif, wat vir Barth slegs die menslike getuienis is van die Woord van God, en dus feilbaar is, kom tot die mens ook deur die verkondiging. Die prediker bedien egter nie die Woord nie, hy skep slegs die ruimte waarbinne God self met die gemeente wil spreek. Hy moet afwag en kyk wat God met die prediking doen. Dit is duidelik dat hiermee die gesag en mag van

die Woord asook die amptelike bediening daarvan misken word. Die prediking word 'n waagstuk, 'n sprong in die duister, 'n daad van onsekerheid.

Ons dink vervolgens aan die sogenaamde Sakramentalisme waarvan die vernaamste pleitbesorger C. van der Leeuw is. Hy pleit vir meer kultiese handelinge in die erediens. Dit het opgekom uit 'n groeiende teensin teen die sogenaamde onderwysende monoloog vanaf die kansel. Prediking moet verflou tot 'n kort stigtelike toespraak en dit moet plek maak vir 'n sakramentele eenwording met Christus in die erediens. Alles wat daar plaasvind, met die nagmaal in die middelpunt, is 'n voortgesette misterieuse vleeswording van Christus.

Derdens wys ons op die ontmitologiseringsteologie van Bultman en sy geesverwante. Hy beoog om die Evangelie verstaanbaar te maak vir die moderne mens. Die Evangelie moet volgens hom eksistensieel geïnterpreteer word d.w.s. vanuit die mens se bestaan self. Die mens moet homself eers verstaan dan het hy die grond en sleutel tot verstaan van die Skrif. Die mens het in homself dus 'n voorkennis van die Skrif. Om dan met hierdie voorkennis deur te dring tot die inhoud van die Skrif moet dit ontdaan word van alle omkleefde mites. Dit moet dus ontmitologiseer word om so verstaanbaar gemaak te word vir die mens. Die plaasvervangende lyde van Christus, opstanding, hemelvaart en wederkoms is dus alles mitologiese taalinkleding wat die moderne mens nie begryp nie. Hierdie ontmitologisering vind plaas in die proses van die prediking. Slegs daar ontmoet Jesus die mens. Vanselfsprekend is met hierdie mensgekonstrueerde siening op die prediking die Woord van God as openbaring van God daarmee heen.

Ten slotte enkele gedagtes oor die sogenaamde „teologie van die rewolusie" en die prediking. Die teologiese agtergrond vir die sosialisering van die prediking moet gesoek word in die vroeëre liberale teologie wat die aksent nie op die Woord wat bedien moet word laat val het nie, maar op die mens en sy probleme, hetsy sosiaal of psigies. Tipiese produk hiervan was die sg. „social gospel". Dieselfde tendense vind ons vandag terug in die prediking. Daar is geen vertikale gebondenheid aan God, slegs 'n horisontale belangstelling in sosiaal-etiese vraagstukke, in die mens en sy wêreld om hom. Baie sien in Christus en die prediking geen ander doel as die „humanisering van die lewe".[14] Jy staan aan die kant van Christus as jy vrede onder mense verkondig en as jy stry vir die verontregtes, onderdruktes en armes en help bou aan 'n nuwe wêreld van geregtigheid, m.a.w. 'n Christus pro omnibus.

Ons tyd is in een opsig verder op die pad van deformasie as die eeue wat verby is t.w. dat nou nie net meer die inhoud, die materie van die prediking vervals word nie maar dat prediking as sodanig onaanvaarbaar vir die sogenaamde mondige mens geword het. Die preek word met argwaan bejeën. Ons dink aan Friedrich Naumann, Tillich en Hoekendijk wat meen dat die tyd van die prediking uitgedien is.[15]

## Ons roeping:

En nou, wat staan ons te doen. Die antwoord hierop is eenvoudig: gehoorsame roepingsvervulling. Tydig en ontydig moet die Woord verkondig word, 2 Tim. 4 : 2—5.

En dit is waartoe ook ons, as bedienaars van die Woord, geroep word. Die eerste gemeente het „volhard in die leer van die apostels". As Koning waak Hy oor sy koningswoord. Hy het ons leer bid: Laat U koninkryk kom. Die Heid. Kategismus verklaar by die bede „bewaar en vermeerder u kerk, vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen U heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van U ryk kom waarin U alles sal wees in almal". Woordbediening gryp eskatologies vooruit na die volheid van sy ryk waarin Hy alles sal wees in almal.

Daar is geen heerliker roeping as om volhardend in gehoorsaamheid aan Jesus Christus Verbi Divini Minister te wees.

G. C. P. van der Vyver.

*(Voordrag by G.T.V. Jaarvergadering, Pretoria, 8 Junie 1971).*

VERWYSINGS:

1 K. Dijk: Dienst der Prediking, p. 46.
2 Heid. Kat., S. 48.
3 H. Berkhof: Geschiedenis der Kerk, p. 55.
4 Dijk: a.w., p. 48.
5 Idem, p. 54.
6 Calvyn: Institusie, Boek IV.
7 P. Biesterveld: Calvijn als bedienaar des Woords, p. 1.
8 Idem, p. 15.
9 Idem, p. 17.
10 Idem, p. 19.
11 Dijk: a.w., p. 111.
12 Idem.
13 Vgl. G. J. Kotze: Hedendaagse Skrifprediking, p. 12.
14 W. D. Jonker: Gereformeerd Weekblad, 27-11-'70.
15 Vgl. Kotze: a.w., p. 14 e.v.